



# Beplan só met uittree-annuïteit

Is jy op soek na belastingvrye groei op jou belegging én 'n belastingvrye pensioen? Dan is 'n uittree-annuïteit een van die beste spaarprodukte om te oorweeg wanneer jy jou boedel beplan.

**E**en van die geleenthede wat mense miskyk wanneer hulle oor boedelbeplanning dink, is die gebruik van 'n uittree-annuïteit. Dit bied uitstekende belastingvoordele op verskeie vlakke.

Te veel mense dink aan boedelbeplanning as 'n soeke na maniere om boedelbelasting te vermy of te verminder – soms met niks meer nie as gewaande voordele.

Boedelbeplanning gaan in die eerste plek daarvoor om jou bates op so 'n manier te struktureer dat jy risiko beperk, waarvan belasting maar een is. Dit gaan ook nie net om jou dood nie, maar eintlik oor jou lewe. En ná jou – dit is die tweede element van 'n goeie boedelplan – moet daar voorsiening wees vir jou naasbestaandes sodat hulle ook (op 'n belastingvriendelike manier) voordeel kan trek uit jou harde werk.

Daar is 'n aantal strukture wat jy kan skep en produkte wat jy kan aankoop wat jou hiermee kan help. 'n Inter vivos-trust (reg opgestel en vir die regte doeleindes aangewend) is een so 'n struktuur. Risikoversekering (lewens-, ongeskiktheids- en mediese versekering) bied geld-antwoorde op die sogenoemde “wat as”-vrae. Wat as my planne nie uitwerk nie? Wat as ek weens siekte of ongeskiktheid nie meer kan werk of boer nie? Wat as ek skielik sterf? Hierdie produkte bied dan kontantoplossings.

Een produk wat dikwels misgekyk word in boedelbeplanning, is 'n uittree-annuïteit.

Dit gebeur dalk omdat mense dink dit is bedoel vir aftrede of meen die plaas sal vir 'n inkomste sorg.

'n Uittree-annuïteit is 'n uitstekende produk om geld te spaar vir aftrede. Maar dit is eweneens 'n baie goeie produk in die breër sin van boedelbeplanning, soos ek dit hierbo kortliks uiteengesit het.

Kom ons kyk eers na risiko. Geld wat in 'n uittree-annuïteit belê is, word deur die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956) teen skuldeisers beskerm. As die droogte (of die staat) jou plaas vat, kan jy seker wees dat jou geld in die uittree-annuïteit deur die wet beskerm word. Selfs ná jou dood kan niemand by die daardie geld uitkom solank as wat jy afhanklikes het nie, veral minderjarige kinders.

Nou wat belasting betref. Kom ons kyk eers na inkomstebelasting. Jou bydraes tot die uittree-annuïteit (dit wat jy maandeliks of jaarliks spaar) is aftrekbaar voor jou belasting vir die jaar bereken word. Jy kan tot 27,5% van jou inkomste só aftrek (tot R350 000). Indien jy dus belasting betaal teen 30%, dra jy eintlik net R70 uit elke R100 uit jou sak by tot jou spaargeld. Jan Taks “skenk” die res.

Jy kan meer spaar in 'n jaar en dan die bedrag bo die maksimum hierbo in daaropvolgende jare aftrek. Jy verloor nooit die aftrekking nie. Meer hieroor later.

Al die groei in die uittree-annuïteit is vrygestel van belasting. Geen inkomstebelasting word op rente gehef nie, en daar is ook geen kapitaalwinstbelasting en dividendbelasting

nie. En by dood is daar ook geen boedelbelasting nie.

As jy 'n groot klomp geld beskikbaar het, byvoorbeeld die opbrengs op die verkoop van 'n plaas, kan jy dit in 'n uittree-annuïteit belê en só die verdere groei op die belegging uit jou boedel hou, terwyl jy jaarliks die aftrekking op inkomste kan geniet.

Die bedrag wat jy nie voor jou dood kan aftrek nie, sal in jou boedel val vir boedelbelasting. Intussen kan jy die aftrekkings gebruik om daardie bedrag te verminder. Jy kan intussen ook die bedrag waarop boedelbelasting betaal gaan word, beperk tot die bedrag wat jy destyds belê het. Dus, sonder die groei daarop, presies wat jy sou regkry deur 'n trust te gebruik. Geskenkebelasting kom egter nie ter sprake by spaar in 'n uittree-annuïteit nie, anders as met 'n trust.

En as jy nie doodgaan nie en lank leef? Dan bied die uittree-annuïteit vir jou 'n belastingvrye inkomste uit daardie deel van die geld waarop jy nie die jaarlikse inkomstebelasting kon gebruik nie. Dit is dus belastingvrye groei en 'n belastingvrye pensioen. Waar sal jy dan nou beter kry? **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risikobestuursmaatskappy.*

➤ NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,  
e-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com); 021 461 2067.